verwyder en groei aanmoedig. Middels soos Seagrow, Kelpak of Nitrosol kan gebruik word.

3. Om die stam te verdik, kan 'n botsel aan die agterkant ontwikkel word en toegelaat word om wild te groei. Nadat die loot lank en sterk gegroei het kan dit afgesny word. Die stam sal verdik tot by die punt. Die loot moet verkieslik aan die agterkant wees om te voorkom dat 'n lelike snyplek aan die voorkant van die stam gelaat word. Indien dieselfde tegniek gebruik word om 'n tak te verdik, moet die loot verkieslik bo of agter wees om onooglike merke te vermy.

MEGANIESE TEGNIEKE

Die volgende meer ingrypende tegnieke wat een of ander vorm van meganiese ingrype deur die kweker insluit, kan gebruik word:

1. Indien die stam redelik dik is, maar die basis is effens te dun, kan die volgende metode gebruik word om 'n verdikte basis te verkry :

'n Aluminuim draad word styf, onder die grondopppervlakte, om die basis van die boom gedraai. Dit moet verkieslik in die Lente gedoen word. Die opeenhoping van voedingstowwe behoort 'n verdikking in die onderste deel van die stam te veroorsaak. Aangesien Wildevye sagte stamme het, moet die draad in die Herfs of vroeer verwyder word om te verhoed dat dit te diep in die stam insny.



2. Indien 'n dikker stam verlang word, kan die bas gesny word met 'n skerp messie. Vertikale snytjies word in die bas gemaak reg rondom die lengte van die stam. Hierdie snytjies veroorsaak klein wonde op die stam. Soos hierdie seer plekke genees, vorm nuwe selle om die snytjies. Dit verdik die stam dan geleidelik.

Dieselfde tipe tegniek kan toegepas word met 'n speld. Die stam word oral op die bas geprik. Op dieselfde wyse sal die klein wonde wat genees, die stam verdik.



3. 'n Ander tegniek om stamverdikking te bewerkstellig, is om die stam liggies te knyp met 'n tang. Die kneusings wat so ontstaan lei dan tot stamverdikking. As gevolg van die los en sagte bas van Wildevye, moet daar versigtig gewerk word. Die stam kan maklik te hard gedruk word met die tang en die hele bas kan losskeur. Dit kan die boom aansienlik beskadig of selfs laat sterf.